Oordenking
17 Mei 2017

Hemelvaart (1)

Op Hemelvaart wat ons op Donderdag 25 Mei 2017 onthou, verklaar ons dat Jesus ons Here is. Hy het vir ons sonde gesterf, Hy is opgewek uit die dood en verhoog tot die hoogste hemele. Hy leef vir ewig en het die troon van God die Vader bestyg en aan Jesus is alle mag in die hemel en op die aarde, op daardie eerste Hemelvaartdag 2000 jaar gelede, gegee.
Ons het 'n advokaat in die hemel. Hy luister na ons gebede.
Hy oorwin al sy vyande.
Eendag kom Hy weer.
Daarom moet ons gaan en dissipels maak van al die nasies terwyl ons die Here dien met liefde, gehoorsaamheid, ootmoed en met aanbidding tot aan die einde van ons lewe.

Die hemelvaart van Christus verklaar sy gesag oor alles. 1 Petrus 3:22 sê Christus is "*nou aan die regterhand van God nadat Hy die engele en magte en kragte aan Hom onderwerp het en die hemel ingegaan het.*"
En Jesus het gesê: *"Aan My is gegee alle mag in die hemel en op aarde. Gaan daarom en maak dissipels van al die nasies en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het."* Mat 28:18-20.

Hemelvaart verklaar dat Christus Here is oor elke terrein van die lewe. Jesus het al die gesag. Jesus is Heer oor die wêreld van besigheid, sport, vermaak en regering. Jesus Christus is Here oor die Kerk, skole, winkels, vervaardiging, openbare dienste, die regstelsel en die parlement.

Elke professionele persoon, elke werker, elke bestuurder, onderwyser, geregsdienaar, sake-persoon, pa, ma en elkeen met gesag staan onder die gesag van die Here wat opgevaar het en is persoonlik verantwoording verskuldig aan God en moet rekenskap gee oor wat hulle doen, aan die almagtige Christus, Here, Koning en Regter wat vanuit die hemel oor alles regeer.

Hemelvaart is die heilige herinnering daaraan dat, *"soos waters die seebodem bedek, so sal die magtige teenwoordigheid van die Here oral op die aarde geken word." Habakuk 2:14.*